**IN DIE STREEKHOF VIR DIE STREEKAFDELING VAN DIE WES-KAAP**
**[GEHOU TE BELLVILLE]**

**[BEWYSSTUK "A"]**

Saaknommer: SH 3/122 /16

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**CHRISTIAAN LODEWYK PRINSLOO**

---

**PLEITOOREENKOMS INGEVOLGE ARTIKEL 105A VAN WET 51 VAN 1977 (SOOS GEWYSIG)**

---

**A. <u>AANHEF:</u>**

**<u>NADEMAAL:</u>**

1. Die beskuldigde aangekla is van die misdrywe soos uiteengesit in die klagstaat hiertoe aangeheg en gemerk **Aanhangsel "B"**.

2. Die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, Adv. S Abrahams, kragtens die bepalings van artikel 2(4) van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, No. 121 van 1998, die vervolging van die beskuldigde ten opsigte van die misdrywe vermeld in aanklagte 1 en 2 gemagtig het sowel as die sentralisasie van die aanklagtes in terme van artikel 111 van die Strafproseswet 51 van 1997, soos uiteengesit in **Aanhangsel "C1, C2, en C3"** hiertoe aangeheg.

3. Die aanklaer, Adv. S Riley (Adjunk-Direkteur van Openbare Vervolgings), bygestaan deur Adv. C J de Jongh (Staatsadvokaat), behoorlik skriftelik gevolmag is deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, soos vereis deur artikel 105A van Wet 51 van 1977, om te onderhandel en 'n ooreenkoms aan te gaan met die beskuldigde (Verwysing NPS 9/2/2 gedateer 25 Junie 2003);

4. Die aanklaer behoorlik gemagtig is om verrigtinge in die Hof te laat verloop namens die Staat betreffende hierdie ooreenkoms, nadat dit behoorlik aangegaan is;

5. Die Adjunk-Direkteur van Openbare Vervolgings en die beskuldigde, wie hierin verteenwoordig word deur Adv. G Smith (in opdrag van Mnr Ed Booth van Brits Dreyer Prokureurs Ingelyf ), wie onderhandel en 'n ooreenkoms aangegaan het ten opsigte van 'n pleit van skuldig deur die beskuldigde ten opsigte van die aanklagte waarvan hy aangekla word, sowel as ten opsigte van 'n regverdige vonnis wat opgelê moet word deur hierdie Agbare Hof;

6. Die beskuldigde ingelig is omtrent sy regte soos na verwys in artikel 105A(2)(a) van Wet 51 van 1977:

   (a) om onskuldig geag te word tot sy skuld bo redelike twyfel bewys word;

   (b) om te swyg en nie te getuig gedurende die verrigtinge nie;

   (c) om nie verplig te word om self – inkriminerende getuienis af te lê nie; en

   (d) dat hy nie verplig is om hierdie ooreenkoms aan te gaan nie, maar indien hy hierdie ooreenkoms aangaan, die inhoud daarvan aan die Hof openbaar sal word, wie ingevolge die ooreenkoms hom mag skuldig bevind of weier om die ooreenkoms te aanvaar, in welke geval die ooreenkoms van nul en geen waarde sal wees en die Staat nie instaat sal wees om sodanige ooreenkoms te gebruik of in enige strafregtelike verrigtinge voor 'n ander Hof, as getuienis teen hom aan te bied nie;

7. Die beskuldigde erken dat hy hierdie pleit en vonnisooreenkoms aangaan, terwyl hy by sy volle positiewe was en sonder dat hy onbehoorlik daartoe beïnvloed was.

8. Die Adjunk-Direkteur van Openbare Vervolgings die vereistes van artikel 105A(1)(b) van Wet 51 van 1977 behoorlik nagekom het:

(a) Die ondersoekbeampte, Kaptein C J Ontong, konsulteer was kragtens die bepalings van artikel 105A(1)(b)(i) en (ii). Hy is tevrede met die inhoud van die ooreenkoms, insluitend die vonnis;

(b) Deeglike oorweging was gegee aan die omstandighede soos voorgeskryf deur artikel 105A (b)(ii) van Wet 51 van 1977;

9. Die beskuldigde skuld erken ten opsigte van aanklagte 1- 11 en skuldig pleit daartoe op die basis soos hieronder uiteengesit;

10. Die Adjunk-Direkteur van Openbare Vervolgings bereid is om sodanige pleit van skuldig te aanvaar;

**NOU DERHALWE** kom die Adjunk-Direkteur van Openbare Vervolgings en die beskuldigde hiermee as volg ooreen ten opsigte van die pleit van skuldig en 'n regverdige vonnis:

## B. <u>PLEIT VAN SKULDIG EN ERKENNINGS</u>

11. Die beskuldigde pleit skuldig ten opsigte van aanklagte 1-11 en maak hiermee die volgende erkennings:

11.1 Hy verstaan die aanklagte teen hom en pleit vrywillig, ongedwone en sonder enige onbehoorlike beïnvloeding skuldig daartoe.

11.2 Hy erken sy identiteit in die aangeleentheid en dat hy in diens van die Suid Afrikaanse Polisie ("Polisie") was vanaf 18.12.1979 tot en met sy bedanking gedurende 2015 wat gevolg het op sy arrestasie op 16 Januarie 2015 en terwyl hy die rang van (volle) Kolonel beklee het.

11.3 Hy erken dat hy die ten laste gelegde misdrywe gepleeg het tesame met 'n kollega en ander persone, nou bekend aan die Staat as synde Alan Raves (beskuldigde 2), terwyl hy in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie.

11.4 Hy erken dat hy en sy kollega in bevel en beheer was van die Verbeurdverklaarde Vuurwapenstoor wat deel vorm van die Vuurwapens, Drank en Tweedehandse Goedere Beheer, algemeen bekend as 'FLASH", wat beheer uitoefen oor die administrasie van vuurwapen en drank lisensies en die regulering van tweedehandse goedere.

11.5 Hy erken dat kragtens die Aanwysings en Staande bevele van die Polisie, dit die plig en verantwoordelikheid van hom en sy kollega was om die vernietiging van alle oortollige, verouderde en weggooi vuurwapens, insluitend vuurwapens verbeurd verklaar aan die

Staat, effektief en doeltreffend te bestuur.

11.6 Hy erken dat dit deel van hul pligte was om die Afdelings Kommissaris: Voorraad Verskaffingsbestuur van die Polisie, in te lig nadat die vernietigings voltooid was.

11.7 Hy erken dat die Agbare Hof regsbevoegdheid het oor die aangeleentheid.

**NOU DERHALWE** pleit die beskuldigde skuldig as volg:

**AANKLAG 1:**

Die beskuldige erken dat hy skuldig is aan 'n oortreding van die bepalings van artikel 2(1) (f) gelees met artikels 1, 2(2) en 2(3) en 3 van Wet 121 van 1998 deurdat hy 'n onderneming bestuur het deur middel van 'n patroon van rampokkery.

Die beskuldigde erken dat hy, tesame met 'n kollega, vanaf 2007/2008 tot en met 16 Januarie 2015 wederegtelik en opsetlik 'n onderneming, te wete die Vuurwapens, Drank en Tweedehandse Goedere Beheer van die Polisie, algemeen bekend as "FLASH", vanaf Silverton en Germiston bestuur het en dat die onderneming se doelwit was om vuurwapens, wapen-onderdele en ammunisie wat bestem was vir vernietiging, nie te vernietig nie maar eerder teen vergoeding te verkoop aan persone bekend en onbekend aan die Staat, insluitend 'n persoon in die Wes - Kaap asook beskuldigde 2, 'n wapenhandelaar in Vereeniging.

Die beskuldigde erken hy hom vereenselwig met hierdie doelwit en dat die onderneming voortdurend was en voort sou bestaan as dit nie was vir sy arrestasie nie.

Die beskuldigde erken dat terwyl hy die onderneming bestuur het deur middel van 'n patroon van rampokkery, hy ook geweet het van die ander lede wat deelgeneem het, in diens en of betrokke was by die onderneming se sake, hetsy regstreeks of onregstreeks, deur middel van 'n patroon van rampokkery en dat hy hom met hul aktiwiteite vereenselwig het.

Die beskuldigde erken dat ten einde hierdie doelwitte te bereik, hy en die ander lede met 'n gemeenskaplike oogmerk en op 'n voortdurende basis saamgesweer het om sekere kriminele handelinge te verrrig soos korrupsie, bedrog, diefstal, geldwassery en handelinge teenstrydig met die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 en Verdedigingswet 42 van 2002, welke handelinge 'n patroon van rampokkery daarstel.

Die beskuldigde erken dat hy wederegtelik en opsetlik die sake van die onderneming bestuur het en dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

**AANKLAG 2:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan 'n oortreding van die bepalings van artikel 2(1)(e) gelees met artikels 1, 2(2), 2(3) en 3 van Wet 121 van 1998 deurdat hy deelgeneem het aan die sake van die onderneming deur middel van 'n patroon van rampokkery terwyl hy die onderneming bestuur het.

Die beskuldigde erken dat hy, tesame met 'n kollega, vanaf 2007/2008 tot en met 16 Januarie 2015 wederegtelik en opsetlik 'n onderneming, te wete die Vuurwapens, Drank en Tweedehandse Goedere Beheer van die Polisie, algemeen bekend as "FLASH", vanaf Silverton en Germiston bedryf en dat die onderneming se doelwit was om vuurwapens, wapen onderdele en ammunisie wat bestem was vir vernietiging, nie te vernietig nie maar eerder teen vergoeding te verkoop aan persone bekend en onbekend aan die Staat, insluitend 'n persoon in die Wes - Kaap en beskuldigde 2, 'n wapenhandelaar in Vereeniging.

Die beskuldigde erken dat hy hom vereenselwig het met hierdie doelwit en dat die onderneming voortdurend was en voort sou bestaan as dit nie was vir sy arrestasie nie.

Die beskuldigde erken dat terwyl hy die onderneming bestuur het, hy wederegtelik en opsetlik aktief deel geneem het aan die sake van die onderneming deur middel van 'n patroon van rampokkery.

Die beskuldigde erken dat hy en die ander lede met 'n gemeenskaplike oogmerk en op 'n voortdurende basis saamgesweer het om aktief deel te neem aan die sake van die onderneming wat ondere sekere kriminele handelinge te verrig soos korrupsie, bedrog, diefstal, geldwassery asook handelinge teenstrydig met die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 en Vededigingswet 42 van 2002, welke handelinge 'n patroon van rampokkery daarstel.

Die beskuldigde erken dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

**AANKLAG 3:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan 'n oortreding van die bepalings van artikel 3(a) gelees met artikels 1, 2,21,24,25 en 26 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, No 12 van 2004 en saamgelees met artikel 294A van die Strafproseswet 51 van 1977 deurdat hy op 'n korrupte wyse 'n voordeel ontvang het.

Die beskuldigde erken dat hy, tesame met 'n kollega, aan wie sekere magte en bevoegdhede verleen is uit hoofde van hulle diensbetrekking of die bekleding van hul amp, te wete dat hulle in bevel en beheer was van die Vuurwapen Verbeurdverklaringsstoor te Silverton was, gedurende die periode 2007/2008 tot 16 Januarie 2015, wederegtelik, opsetlik en op 'n korrupte wyse, 'n voordeel, te wete kontant ten bedrae van ten minste R2 miljoen ontvang het.

Die beskuldigde erken dat hy, tesame met 'n kollega, wederegtelik en opsetlik hierdie voordeel aanvaar en ontvang het van persone, bekend en onbekend aan die Staat, hetsy vir sy eie voordeel of tot die voordeel van sy kollega, deur ongeveer 2400 vuurwapens, wapen onderdele en 'n onbekende hoeveelheid ammunisie wat bestem was vir vernietiging, te verkoop aan hierdie persone vir die bedrag van ten minste R2 miljoen oor 'n tydperk van etlike jare.

Die beskuldigde erken dat hy, tesame met sy kollega, beïnvloed of oortuig was deur die ontvangers van die vuurwapens, wapen onderdele en ammunsie om verbeurdverklaarde vuurwapens, wapen onderdele en ammunisie nie te vernietig ooreenkomstig die Staande Bevele, Aanwysings en Voorskrifte van die Polisie en instede daarvan die wapens, onderdele en ammunisie te verkoop teen vergoeding.

Die beskuldigde erken dat sulks handelinge neerkom op die onwettige, oneerlike, ongemagtigde, onvoltooide of bevooroordeelde uitoefening, uitvoering of verrigting van enige bevoegdhede, pligte of werksaamhede voortspruitend uit grondwetlike, statutêre, kontraktuele of enige ander regsverpligting en ook die misbruik van 'n gesagsposisie; 'n vertrouensbreuk, of die skending van 'n regsplig of 'n stel reëls wat ten doel het om 'n onregverdige gevolg te bereik.

**AANKLAG 4:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan die misdryf van Diefstal van Vuurwapens, Ammunisie en Vuurwapen onderdele.

Die beskuldigde erken dat hy, tesame met 'n kollega, na die eerste amptelike vuurwapen vernietiging gedurende 2006 tot die slotsom gekom het dat hulle op 'n 'goudmyn sit' en eerder vuurwapens, wapen onderdele en ammunisie in hulle besit en onder hulle beheer, wat bestem was vir vernietiging namens die Polisie, te verkoop aan persone wat nie verbonde was aan die Polisie en nie daartoe geregtig was nie.

Die beskuldigde erken dat hy mettertyd met twee persone, te wete 'n persoon in die Wes - Kaap en beskuldigde 2, wat daarin belanggestel het om onwettiglik vuurwapens, wapen onderdele en ammunisie te bekom vir verskeie redes, kontak gemaak het.

Die beskuldigde erken dat beskuldigde 2 ook belanggestel het in vuurwapen onderdele wat aan hom verkoop is.

Die beskuldigde erken dat, afgesien van die Vuurwapen Verbeurdverklaringsstoor te Silverton, daar ook 'n ongemagtigde stoor te Germiston oopgemaak was met die doel om vuurwapens wat direk vanaf verskillende polisiestasies gekanaliseer was en deur hulle identifiseer was vir verkoop, gestoor is.

Die beskuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015 en te "FLASH", Silverton en/of die ongemagtigde stoor te Germiston, wederegtelik en opsetlik ongeveer 2400 vuurwapens gesteel wat onder andere die volgende vuurwapens insluit:

**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Pietro Beretta model 92 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Star kaliber model 92 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Norinco model NZ75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Star model Super B semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor/LEW model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Pietro Beretta semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Luger semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FN Browning model GP35 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Pietro Beretta semi-automatiese pistool;**
**Een (1).40 S&W kaliber Vektor model SP2 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/VEKTOR model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Beretta model 92S semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 slide semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FEG model 80 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Beretta model 92 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Norinco model NZ 75 semi-automatic pistol;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FN model High Power semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Taurus model PT92 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Beretta model 92 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) Parabellum kaliber Sig Sauer model P226 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FEG model Compact semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FEG model High Power semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistol**
**Een (1)303 kaliber Lee Enfield geweer met reeksnommers 60135, 6354 and 453Y**
**Een (1)7.762 kaliber FN geweer met reeksnommers 7237 and 100599**
**Een (1)7MM kaliber Mauser geweer met reeksnommers 2088 and 8392**
**Een (1)7MM kaliber Mauser geweer met reeksnommers 7546 and C2692**
**Een (1)7.762 kaliber FN geweer met reeksnommers 12346, 9602302, 788777 and 602304**

Een (1) Vickers Masjien Geweer, 'n 7.62 mm kaliber met reeks nommers 5999 ,11934 en L2914
Een (1) Stechkin Pistool, 'n 9 mm x 18 mm kaliber met reeksnommer NK2014
Een (1) RI Geweer, 'n 7.62 mm kaliber met reeksnommer K278158
Een (1) Haenel Carbine, 'n 9mm P Kaliber met reeksnommer 50558E
Een (1) Gorjunov LMG 7.62 mm x 54 R Kaliber met reeksnommer DB155
Een (1) Maxim LMG 7.62 x 54 R Kaliber met reeksnommer BC50
Een (1) Mauser Pistool 7.63 mm Kaliber met reeksnommer 60408
Een (1) GARAND Geweer 30.06 Kaliber met reeksnommer B3451707
Een (1) Maget LMG 7.92 x 57 Kaliber met reeksnommer 6392P
Een (1) Steyr Pistool 8 mm Steyr Kaliber met reeksnommer 50979
Een (1) Martini Henry Kaliber met reeksnommer Q517213VP
Een (1) RPD LMG 7.62 x 39 Kaliber met reeksnommer XG0143
Een (1) MAG 79/L8 LMG 7.62 x 51 Kaliber met reeksnommer UM7094T
Een (1)RPD LMG 7.62 X39 Kaliber met reeksnommer AB80271
Een (1)Komando Carbine 9mm P SV8794 Kaliber met reeksnommer SV8794
Een(1) Lorcin 9 mm Pistool met reeksnommer 429795
Een(1) 9mm Pistool met reeksnommer B293352
Een(1) Norinco 9 mm Pistool met reeksnommer 661182
Een(1) Daewoo 9 mm Pistool met reeksnommer BA003275
Een(1) Norinco 9mm Pistool met reeksnommer 0306743
Een(1) Tanfoglio 9 mm Pistool met reeksnommer Z04231
Een(1) Tanfoglio 9 mm Pistool met reeksnommer AB07894
Een(1) 9mm P Lorcin Pistol met reeksnommer L070170
Een(1) .38 Special Rossi met reeksnommer AA187911
Een(1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer 502698
Een(1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer A03232
Een(1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer B00892
Een (1) .38 Rossi Revolver met reeksnommer AA578460
Een (1) 9mm P CZ Pistol met reeksnommer V5037
Een (1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer 46013844
Een (1) 7.65 mm FEG Pistol met reeksnommer AL4737
Een (1) Vektor SS 77 LMG 7.62 x 51 kaliber met reeksnommer SS77/493
Een (1) FN Geweer 7.62 mm kaliber met reeksnommers 704 en 6841
Een (1) FN HMC Geweer met reeksnommers 2627 en 2026
Een (1) ARMSCOR Geweer 7.62 kaliber met reeksnommers 2097/72, 2072 en K507926
Een (1) Vickers HMG 303 (7.7mm) Kaliber Geweer met reeksnommers H4087, B9852, 3451707 en L1516
Een (1) Dragunov Geweer met reeksnommer 2108; 13323 en 7254
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 241290, 1149 en 6729
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 0426-2, 0426, 15162 en 1516
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 239850, 5544 en 836
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 4701,238201 en 11635

Die beskuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015, by "FLASH", Silverton en/of die ongematigde stoor te Germiston, wederegtelik derduisende hoeveelheid ammunisie van verskeie kalibers gesteel het.

Die beskuldigde erken dat die vuurwapens, wapen onderdele en ammunisie die eiendom of in die regmatige besit van die Suid-Afrikaanse Polisie was.

Die beskuldigde erken dat hy ook vuurwapen onderdele gesteel het.

Die beskuldigde erken dat, terwyl hy die onderneming bestuur het, hy ook geweet het van die ander lede wat deelgeneem, in diens en/of betrokke was by die onderneming se sake en dat hy hom met hul aktiwiteite vereenselwig het waar diefstal gepleeg was.

Die beskuldigde erken dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

**AANKLAG 5:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan die oortreding van die bepalings van artikel 120(10)(a) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 saamgelees met artikels 1,120, 121, 103, 151 saamgelees met Bylae 4 van gemelde Wet en artikel 250(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 deurdat hy wapens, wapenonderdele en ammunisie verkoop het aan persone welwetend dat hy nie geregtig daartoe was nie.

Die beskuldigde erken dat nadat hy en 'n kollega die wapens uit die Vuurwapen Verbeurdverklaringsstoor te Silverton asook die ongemagtigde stoor te Germiston gesteel het, hy wederegtelik en opsetlik die wapens verkoop en verskaf het teen vergoeding aan beskuldigde 2 en 'n person in die Wes - Kaap.

Die beskuldigde erken dat die diefstal en verkope plaas gevind het gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015.

Die beskuldigde erken dat hy die wapens, onderdele en ammunisie verkoop of verskaf het aan die persone teen vergoeding en terwyl die beskuldigde nie ingevolge gemelde Wet toegelaat is om daardie vuurwapens, wapen onderdele en ammunisie te besit en dit te verkoop nie.

Die beskuldigde erken ook dat terwyl hy die onderneming bestuur het, hy ook geweet het van die ander lede wat deelgeneem het, in diens en of betrokke was by die onderneming se sake en dat hy hom met hul aktiwiteite vereenselwig het waar wapens, wapen onderdele en ammunisie verkoop was.

Die beskuldigde erken dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

**AANKLAG 6**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan die oortreding van die bepalings van artikel 4 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 saamgelees met artikels 1,120, 121, 103,

151 en saamgelees met Bylae 4 van gemelde Wet en artikel 250(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 deurdat hy verbode vuurwapens besit het.

Die beskuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015, wederregtelik en opsetlik verbode vuurwapens besit het deurdat hy van die vuurwapens se reeksnommers en/of ander uitkenningstekens verander of verwyder het en dat van die vuurwapens volle automatiese gewere was.

Die beskuldigde erken dat dit ongeveer 2400 verbode vuurwapens was waarvan die reeksnommers en of ander uitkenningstekens verander of verwyder is en wat insluit die volgende vuurwapens:

**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Pietro Beretta model 92 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Star kaliber model 92 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Norinco model NZ75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Star model Super B semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor/LEW model Z88 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Pietro Beretta semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Luger semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FN Browning model GP35 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Pietro Beretta semi-automatiese pistool;**
**Een (1).40 S&W kaliber Vektor model SP2 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/VEKTOR model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Beretta model 92S semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 slide semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FEG model 80 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Beretta model 92 semi-automatiese pistool;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Norinco model NZ 75 semi-automatic pistol;**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber FN model High Power semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Taurus model PT92 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber Beretta model 92 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) Parabellum kaliber Sig Sauer model P226 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber LEW/Vektor model Z88 semi-automatiese pistool**
**Een (1) 9mm Parabellum kaliber CZ model 75 semi-automatiese pistool**

Een (1) 9mm Parabellum kaliber FEG model Compact semi-automatiese pistool
Een (1) 9mm Parabellum kaliber FEG model High Power semi-automatiese pistool
Een (1) 9mm Parabellum kaliber Vektor model SP1 semi-automatiese pistol
Een (1)303 kaliber Lee Enfield geweer met reeksnommers 60135, 6354 and 453Y
Een (1)7.762 kaliber FN geweer met reeksnommers 7237 and 100599
Een (1)7MM kaliber Mauser geweer met reeksnommers 2088 and 8392
Een (1)7MM kaliber Mauser geweer met reeksnommers 7546 and C2692
Een (1)7.762 kaliber FN geweer met reeksnommers 12346, 9602302, 788777 and 602304
Een (1) Vickers Masjien Geweer, 'n 7.62 mm kaliber met reeks nommers 5999 ,11934 en L2914
Een (1) Stechkin Pistool, 'n 9 mm x 18 mm kaliber met reeksnommer NK2014
Een (1) RI Geweer, 'n 7.62 mm kaliber met reeksnommer K278158
Een (1) Haenel Carbine, 'n 9mm P Kaliber met reeksnommer 50558E
Een (1) Gorjunov LMG 7.62 mm x 54 R Kaliber met reeksnommer DB155
Een (1) Maxim LMG 7.62 x 54 R Kaliber met reeksnommer BC50
Een (1) Mauser Pistool 7.63 mm Kaliber met reeksnommer 60408
Een (1) GARAND Geweer 30.06 Kaliber met reeksnommer 03451707
Een (1) Maget LMG 7.92 x 57 Kaliber met reeksnommer 6392P
Een (1) Steyr Pistool 8 mm Steyr Kaliber met reeksnommer 50979
Een (1) Martini Henry Kaliber met reeksnommer Q517213VP
Een (1) RPD LMG 7.62 x 39 Kaliber met reeksnommer XG0143
Een (1) MAG 79/L8 LMG 7.62 x 51 Kaliber met reeksnommer UM7094T
Een (1)RPD LMG 7.62 X39 Kaliber met reeksnommer AB80271
Een (1)Komando Carbine 9mm P SV8794 Kaliber met reeksnommer SV8794
Een(1) Lorcin 9 mm Pistool met reeksnommer 429796
Een(1) 9mm Pistool met reeksnommer B293352
Een(1) Norinco 9 mm Pistool met reeksnommer 661182
Een(1) Daewoo 9 mm Pistool met reeksnommer BA003275
Een(1) Norinco 9mm Pistool met reeksnommer 0306743
Een(1) Tanfoglio 9 mm Pistool met reeksnommer Z04231
Een(1) Tanfoglio 9 mm Pistool met reeksnommer AB07894
Een(1) 9mm P Lorcin Pistol met reeksnommer L070170
Een(1) .38 Special Rossi met reeksnommer AA187911
Een(1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer 502698
Een(1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer A03232
Een(1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer B00892
Een (1) .38 Rossi Revolver met reeksnommer AA578460
Een (1) 9mm P CZ Pistol met reeksnommer V5037
Een (1) 9mm P Norinco Pistol met reeksnommer 46013844
Een (1) 7.65 mm FEG Pistol met reeksnommer AL4737
Een (1) Vektor SS 77 LMG 7.62 x 51 kaliber met reeksnommer SS77/493
Een (1) FN Geweer 7.62 mm kaliber met reeksnommers 704 en 6841
Een (1) FN HMC Geweer met reeksnommers 2627 en 2026
Een (1) ARMSCOR Geweer 7.62 kaliber met reeksnommers 2097/72, 2072 en K507926
Een (1) Vickers HMG 303 (7.7mm) Kaliber Geweer met reeksnommers H4087, B9852, 3451707 en L1516
Een (1) Dragunov Geweer met reeksnommer 2108; 13323 en 7254
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 241290, 1149 en 6729
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 0426-2, 0426, 15162 en 1516
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 239850, 5544 en 836
Een (1) FN Geweer 7.62mm Kaliber met reeksnommer 4701,238201 en 11635

Die beskuldigde erken dat terwyl hy die onderneming bestuur, hy geweet het van die ander lede wat deelgeneem het, in diens en of betrokke was by die onderneming se sake en dat hy hom met hul aktiwiteite vereenselwig het waar die reeksnommers en of ander uitkennings-tekens verander of verwyder is om die identiteit van die wapens te verander wat deur hom en 'n kollega verkoop is.

Die beskuldigde erken dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

**AANKLAG 7:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan die oortreding van die bepalings van artikel 90(a) van die Wet op die Beheer van vuurwapens, Wet 60 van 2000 saamgelees met artikels 1, 120,121, 103, 151 en saamgelees met Bylae 4 van gemelde Wet en artikel 250(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 deurdat hy wederegtelik en onwettiglik in besit was van ammunisie.

Die beskuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015 wederregtelik en opsetlik in besit was van derduisende hoeveelheid ammunisie van verskeie kalibers sonder dat hy 'n lisensie gehou het ten opsigte van 'n vuurwapen wat in staat is om daardie ammunisie af te vuur of 'n permit om die ammunisie te besit of 'n handelaarslisensie, vervaardigerslisensie, wapensmidslisensie, invoer- uitvoer - of deurgangspermit, of vuurwapenkarweierspermit uitgereik ingevolge hierdie Wet.

Die beskuldigde erken dat hy die gesteelde ammunisie afsonderlik of tesame met die gesteelde vuurwapens verkoop het aan die persoon in die Wes - Kaap.

Die beskuldigde erken dat terwyl hy die onderneming bestuur het, hy ook geweet het van die ander lede wat deelgeneem het, in diens en of betrokke was by die onderneming se sake en dat hy hom met hul aktiwiteite vereenselwig het waar hulle ammunisie gesteel het en verskaf en of verkoop het aan persone.

Die beskuldigde erken derhalwe dat hy wederegtelik hierdie ammunisie besit het en geweet het dat hy gestraf kan word vir sy besit daarvan.

**AANKLAG 8:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan die oortreding van die bepalings van artikel 94(2) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 saamgelees met artikels 1,120,121, 103, 151 en saamgelees met Bylae 4 van gemelde Wet en artikel 250(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 deurdat hy wederegtelik in besit was van vuurwapen onderdele.

Die bekuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015, wederegtelik en opsetlik vuurwapen onderdele, wat gesteel is uit die bergingstoor van die SAPD, besit het sonder dat hy 'n lisensie gehou het ten opsigte van 'n vuurwapen wat daardie vuurwapen onderdeel kan bevat of 'n handelaarslisensie, vervaardigerslisensie, wapensmidslisensie, invoer, uitvoer- of deurgangspermit of karweierspermit ingevolge hierdie Wet, gehou het.

Die beskuldigde erken dat hierdie vuurwapenonderdele verkoop is aan beskuldigde 2.

Die beskuldigde erken dat terwyl hy die onderneming bestuur het, hy ook geweet het van die ander lede wat deelgeneem het, in diens en of betrokke was by die onderneming se sake en dat hy hom met hul aktiwiteite vereenselwig het waar wapen onderdele verskaf en of verkoop was aan beskuldigde 2.

Die beskuldigde erken derhalwe dat hy wederegtelik en opsetlik hierdie wapenonderdele besit het en gestraf kan word vir sy besit daarvan.

**AANKLAG 9:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan die oortreding van die bepalings van artikel 23(5) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 saamgelees met artikels 1,120,121, 103, 151 en saamgelees met Bylae 4 van gemelde Wet en artikel 250(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 deurdat hy wederegtelik die identiteite van die verander het deur dit uit te uit te wis, verander of mee gepeuter het.

Die beskuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015 die vervaardiger se reeksnommer en of ander uitkenningstekens op die vuurwapens wat gesteel is, uitgewis, verander of daarmee gepeuter het met die opset om die identiteit van die vuurwapen te verander nie.

Die beskuldigde erken dat dit gedoen is sodat, indien die wapens gebruik word, dit nie bepaal kan word dat dit afkomstig is van die polisie se Vuurwapen Verbeurdverklaringsstoor te Silverton nie.

Die beskuldigde erken dat die identiteit van ongeveer 2400 vuurwapens verander is.

Die beskuldigde erken dat terwyl hy die onderneming bestuur het, hy ook geweet het van die ander lede wat deelgeneem het, in diens en of betrokke was by die onderneming se sake en dat hy hom met hul aktiwiteite vereenselwig het waar die vervaardiger se reeksnommer en of ander uitkenningstekens op die vuurwapens wat gesteel is, uitgewis, verander of daarmee gepeuter is.

Die beskuldigde erken dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

**AANKLAG 10:**

Die beskuldig erken dat hy skuldig is aan die misdryf van Bedrog.

Die beskuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015 wederegtelik, valslik en met die opset om te bedrieg en tot nadeel of potensiële nadeel van die Afdelings Kommissaris: Voorraad Verskaffingsbestuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en/of SAPD, voorgegee het aan die Afdelings Kommissaris: Voorraad Verskaffingsbestuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en/of SAPD dat 2400 vuurwapens, wapen onderdele en derduisende hoeveelheid ammunisie wat deur hom in sy amptelike hoedanigheid ontvang is vir vernietiging by die Verbeurd Verklaringsstoor, Silverton, wel vernietig is.

Die beskuldigde erken verder dat terwyl hy so voorgegee het, hy geweet het dat in waarheid en in werklikheid genoemde vuurwapens en ammunisie nie vernietig was nie maar aan persone bekend en onbekend aan die Staat verkoop was.

Die beskuldigde erken verder dat deur middel van voormelde valse voorwendsel en/of nalate om dit te openbaar, hy die die Afdelings Kommissaris: Voorraad Verskaffingsbestuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en/of SAPD beweeg het daartoe om die valse voorwendsel te glo tot hulle werklike of potensiële nadeel.

Die beskuldigde erken dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

**AANKLAG 11:**

Die beskuldigde erken dat hy skuldig is aan die oortreding van die bepalings van artikel 4 gelees met artikels 1 en 8 van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, Wet 121 van 1998, te wete dat Geldwassery .

Die beskuldigde erken dat hy geweet dat die eiendom, te wete 2400 vuurwapens, die opbrengs van onregmatige aktiwiteite was of deel van sodanige opbrengs uitgemaak het, te wete korrupsie, diefstal, handel in en besit van vuurwapens, vuurwapendele sowel as ammunisie.

Die beskuldigde erken dat hy gedurende 2007/2008 en 16 Januarie 2015, ter bevordering van 'n gemeenskaplike doel, wederregtelik en onwettiglik 'n ooreenkoms gesluit het of 'n reëling of transaksie in verband met daardie eiendom aangegaan het met sy kollega asook persone bekend en onbekend aan die Staat wat die uitwerking gehad het of waarskynlik sou hê om die aard, bron, ligging, beskikking of beweging van genoemde eiendom of die eienaarskap daarvan of 'n belang wat iemand ten opsigte daarvan het, te verberg of the verbloem, en om die

beskuldigde of persone bekend en onbekend aan die Staat, wat 'n misdryf gepleeg het, in staat te stel of by te staan om vervolging te vermy, en eiendom wat regstreeks of onregstreeks as gevolg van die pleging van 'n misdryf verkry is, te verwyder of verminder.

Die beskuldigde erken dat sy optrede verkeerd was en dat hy daarvoor gestraf kon word.

C. OOREENKOMS TEN OPSIGTE VAN 'N REGVERDIGE VONNIS

FAKTORE IN AG GENEEM VIR DOELEINDES VAN VONNIS:

Die Staat en die regsverteenwoordigers namens die beskuldigde het intensiewe onderhandelinge en konsultasies gehad met betrekking tot die aanklagte teen die beskuldigde en wat beskou kan word in aggenome die omstandighede van hierdie saak as versagtende en verswarende faktore. Die erns van die misdade, belange van die gemeenskap en die persoonlike omstandighede van die beskuldigde is behoorlik oorweeg en in ag geneem deur beide partye.

DIE VERSAGTENDE OMSTANDIGHEDE:

Die ondersoek in hierdie aangeleentheid het etlike jare geduur en gevolglik is daar 'n magdom van getuienis versamel. Deurdat die beskuldigde skuldig gepleit en die saak by wyse van artikel 105A afhandel, spaar hy die Hof en die Staat onkostes en hoftyd wat tot die spoedige afhandeling van die saak gelei het.

Die beskuldigde het onmiddelik na sy arrestasie op 16.01.2016, sy samewerking aan die polisie gegee deur die polisie te neem na die perseel waar hy van die wapens alreeds afgelewer het en verder sou aflewer. Hy was bereid om deel te neem aan 'n spreekwoordelike lewensgevaarlike operasie ten einde die ondersoek te bevorder.

Die beskuldigde het deurentyd die Staat genader en sy bereidheid om skuldig te pleit openbaar en sy volle samewerking gegee wat behels het sy bereidswilligheid om te getuig in 'n daaropvolgende verhoor teen sy mede - beskuldiges.

Ten einde sy bereidswilligheid om sy volle samewerking te gee te demonstreer, het die beskuldigde verklaring(s) onder eed afgelê waarin hy sy aandadigheid en dié van sy meelopers uiteengesit het.

PERSOONLIKE OMSTANDIGHEDE

Die beskuldigde is 55 jaar oud.

Hy is 'n voormalige kolonel in die Suid Afrikaanse Polisiediens.
Hy het die diens betree op 18.12.1979 as student konstabel en was in diens van die polisie tot 2015 toe hy sy bedanking ingedien het na sy arrestasie op 16.01.2015.

Hy is getroud en het twee meerderjarige kinders waarvan een nog op universiteit is en afhanklik is van sy ouers.

Die beskuldigde het geen vorige veroordelings nie en is dus 'n eerste oortreder.

Die beskuldigde toon berou vir sy misdade en voel dat hy in sy amp om die gemeenskap te dien en te beskerm gefaal het.

Die beskuldigde lei aan verskeie siekte toestande soos diabetis en emphysema en sal vir die res van sy lewe behandel daarvoor moes kry.

**<u>DIE VERSWARENDE OMSTANDIGHEDE:</u>**

Hierdie misdrywe waarop die beskuldigde pleit is van 'n ernstige aard.

Volgens die aanhef tot die Wet op die Beheer van Wapens is hy in werking gebring, onder andere, omdat elke persoon oor die reg tot lewe en die reg tot veiligheid van die persoon beskik, wat insluit die reg om vry te wees van alle vorme van geweld; en omdat die toenemende beskikbaarheid en misbruik van vuurwapens en ammunisie beduidend tot die hoë vlakke van geweldsmisdade bydra.

Volgens die aanhef tot die Wet rus daar ook 'n verpligting op die Staat om die regte te beskerm, bevorder en uiting daarin te gee soos vervat in die Handves van Mense Regte.

As deel van die Staat was die beskuldigde se plig soos vervat in Artikel 2 van die Wet om die grondwetlike reg op lewe en liggaamlike integriteit te bevorder deur die toename van onwettige besit van vuurwapens te voorkom en deur voorsiening te maak vir die verwydering van hierdie vuurwapens uit die gemeenskap en deur verbetering van beheer oor die wettige besit van vuurwapens en daartoe misdaad waarby vuurwapens gebruik word, te voorkom.

Die spesifieke werksplig van die beskuldigde meer as die normale polisieman was om uiting te gee aan hierdie vereistes van die Wet en juis daardeur by te dra tot 'n gemeenskap waar elke persoon oor die reg tot lewe en die reg tot veiligheid van die persoon kan beskik wat insluit die reg om vry te wees van alle vorme van geweld.

Instede daarvan het sy hebsugtige gedrag en strewe na verryking ten koste van ander hom laat vergeet van sy plig as polisieman naamlik om te dien en te beskerm en het hy deur wapens en ammunise aan die kriminele element te verkoop, bygedra tot die hoë vlakke van geweldsmisdade.

Die beskuldigde het met sy gedrag fenomenale skade gerig aan die reputasie van 'n instansie soos die Suid Afrikaanse Polisiediens wat veronderstel is om die onwettige besit van wapens and ammunisie te bekamp.

Hy het nie geskroom om die hulpbronne te gebruik van sy werkgewer wat afkomstig is van die fondse van die belastingbetaler vir etlike jare om sy misdade te bewerkstellig vir vergoeding terwyl hy sy salaris ontvang het nie.

Sy dade was voorafbeplan en het gestrek oor etlike jare.

Hy sou sy kriminele aktiwiteite voortgesit het was dit nie dat die polisie ingegryp het en hom gearresteer het nie.

**DWINGENDE EN WESENLIKE OMSTANDIGHEDE**

Dit word ooreengekom dat die volgende faktore dwingende en wesenlike omstandighede daar stel:

- Die beskuldigde het onmiddelik na sy arrestasie sy samewerking aan die polisie gegee en is bereid om daarmee te volhard.
- Die beskuldigde toon berou en aanvaar verantwoordelikheid vir sy dade deur skuldig te pleit.
- Die beskuldigde is meerderjarig en lei aan verskeie siekte toestande.
- Die beskuldigde is 'n eerste oortreder.

Dit word gevolglik ooreengekom dat die volgende 'n regverdige vonnis daarstel in die omstandighede van die aanklagte hierbo vermeld:

**DIE VONNIS SOOS OOREENGEKOM:**

**AANKLAGTE 1 en 2 (Saamgeneem vir doeleindes van vonnis):**

Twintig (20) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat agt (8) jaar gevangenisstraf opgeskort word vir 'n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van die bepalings van artikel 2(1)(e) en/of 2(1)(f) of 4,5 en 6 van Wet 121 van 1998 en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie;

**AANKLAG 3**

Agt (8) jaar direkte gevangenisstraf.

**AANKLAG 4:**

Tien(10) jaar direkte gevangenisstraf .

**AANKLAG 5 tot 9 (Saamgeneem vir doeleindes van vonnis):**

Twintig (20) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat die helfte daarvan opgeskort word vir 'n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan oortreding van die bepalings van artikels 120(10(a), 4(1)(f), 90, 94(2) en 23(5) van Wet 60 van 2000 en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie.

**AANKLAG 10:**

Ses (6) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat die helfte daarvan opgeskort word vir 'n tydperk van vyf(5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal, bedrog of korrupsie of enige poging daartoe en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie.

**AANKLAG 11:**

Ses (6) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat die helfte daarvan opgeskort word vir 'n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan oortreding van artikel 4 van die Wet 121 van 1998 en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie.

In terme van Artikel 280(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 word dit gelas dat die vonnisse ten opsigte van aanklagte 3-9 samelopend uitgedien word met die vonnis ten opsigte van aanklagte 1 en 2.

**Gevolglik word dit gelas dat die beskuldigde 'n effektiewe vonnis van 18(agtien) jaar gevangenisstraf uitdien.**

**OOREENKOMS INGEVOLGE ARTIKEL 18 VAN DIE WET OP DIE VOORKOMING VAN GEORGANISEERDE MISDAAD, 121 VAN 1998**

Die beskuldigde stem toe tot 'n inbeslagnemingsbevel ingevolge artikel 18(2)(b) van Wet 121 van 1998 in die bedrag van R1 221 600 (een miljoen twee honderd en een en twintig duisend

en ses honderd Rand) as synde 'n gepaste bedrag in lig van die voordeel wat hy verkry het van die misdaad in aanklag (Sien **Aanhangsel "D1 en D2"**) .

Kragtens Artikel 103(1)(k) van die Wet op die Beheer van Wapens 60 van 2000, word die beskuldigde onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit en in terme van Artikel 104 (2) van gemelde Wet moet hy binne 24 uur alle bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings en permitte uitgereik aan hom ingevolge hierdie Wet; alle vuurwapens en ammunisie in sy besit by die naaste polisiekantoor afgee.

**GETEKEN TE BELLVILLE OP HIERDIE 21ste DAG VAN JUNIE 2016**

**ADVOKAAT S RILEY**
**ADJUNK DIREKTEUR VAN**
**OPENBARE VERVOLGING**

**CHRISTIAAN LODEWYK PRINSLOO**

**ADVOKAAT G SMITH**
**(REGSVERTEENWOORDIGER VAN BESKULDIGDE)**

**DIE STAAT TEEN CHRISTIAAN LODEWYK PRINSLOO**

**AANHANGSEL "A"**

Die vonnis soos ooreengekom:

**AANKLAG 1 EN 2 (Saamgeneem vir doeleindes van vonnis):**

Twintig (20) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat agt (8) jaar gevangenisstraf opgeskort word vir 'n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van die bepalings van artikel 2(1)(e) en/of 2(1)(f) of 4(b) van Wet 121 van 1998 en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie;

**AANKLAG 3:**

Agt (8) jaar direkte gevangenisstraf.

**AANKLAG 4:**

Tien(10) jaar direkte gevangenisstraf .

**AANKLAGTE 5 TOT 9 (Saamgeneem vir doeleindes van vonnis):**

Twintig (20) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat die helfte daarvan opgeskort word vir 'n tydperk van vyf(5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan oortreding van die bepalings van artikels 120(10(a), 4(1)(f), 90 , 94(2) en 23(5) van Wet 60 van 2000 en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie.

**AANKLAG 10:**

Ses (6) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat die helfte daarvan opgeskort word vir 'n tydperk van vyf(5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal, bedrog of korrupsie of enige poging daartoe en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie.

**AANKLAG 11:**

Ses (6) jaar gevangenisstraf maar dit word gelas dat die helfte daarvan opgeskort word vir 'n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan oortreding van artikel 4 van die Wet 121 van 1998 en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie.

In terme van Artikel 280(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 word dit gelas dat die vonnisse ten opsigte van aanklagte 3-9 samelopend uitgedien word met die vonnis ten opsigte van aanklagte 1 en 2.

**Gevolglik word dit gelas dat die beskuldigde 'n effektiewe vonnis van 18(agtien) jaar gevangenisstraf uitdien.**

Kragtens die bepalings van artikel 103(1)(k) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000, word die beskuldigde onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit.

WESTERN CAPE REGIONAL DIVISION
2016 -06- 21
BELLVILLE
REGIONAL MAGISTRATE

**STREEKLANDDROS** **DATUM**